# DIE SWART LUIPERD

NO 39

## VEGTERS VAN DIE SLANGGOD




braam le roux

Die Swart Luiperd rol vinnig om om onder die dertig voet lange spierwit slang uit te kom, maar daardie ontsaglike slangliggaam, die stert agter om 'n rots vasgeanker, hap sissend na sy prooi hier vlakby hom. Gelukkig vir die Swart Luiperd het die pyl met die eerste botsing dwarsdeur die dik slangnek gesteek en voordat die slang weer kan probeer het die gif sy werk gedoen. Met 'n woeste ruk raak die slangstert daar agter los en die volgende oomblik is dit asof die hele grot net ene slang is soos die reptiel met sy geweldige liggaam en met woeste kronkelslae kruis en dwars deur die grot slaan. Een hou tref die Luiperdman en smyt hom soos 'n sak dat hy daar trek en hy val hom amper disnis teen die grotmuur.

'n Enkele kreet klink hier eenkant uit Bapeta se hoek op voordat die Wit God met 'n laaste kronkeling in die gat voor die altaar aftuimel.

Stofomslag: Chris du Plooy



## INHOUD


| Hoofstuk | Bladsy |
|---|---|
| 1. Dood van die Wit Bul | 3 |
| 2. Vyand op die Vloer | 13 |
| 3. Haar Laaste Kreet | 30 |
| 4. ,,Waar is Archie?' | 44 |
| 5. Die Wit God Wag | 58 |
| 6. Die Vonnis | 70 |
| 7. Die Toordokter Se Einde | 81 |
| 8. Vasgekeer | 90 |


Hoofstuk 1

## DOOD VAN DIE WIT BUL

Die twee Jeeps en die oorlaaide vragmotor was reeds verskeie minute buite gesig tussen die bosse toe staan Leon Fouché nog roerloos voor sy tent en kyk na die plek waar hulle verdwyn het. Sy ore tuit nog van die gelag en lawaai van die uitgelate ,pretmakers' soos die een hul groep beduie het. Sy helder blou oë trek effens nouer toe hy dink aan die smalende antwoord wat gevolg het op sy ernstige waarskuwing aan hulle om nie verder noord met die Sambesi langs te trek nie.

,,Fouché,'' het Eric Mann, die oudste van die groep gesê, ,,ons het almal in die wildernis groot geword. Wil jy nou vir ons op loop jaag met stories oor woeste wildes, kannibale en Slangaanbidders? En jy nogal, soos jy sê, 'n Boer uit die Republiek?'' Hierop het almal geskater van die lag, almal behalwe die besadigde en kalme Frikkie Botes wat deur Maureen Mann, vrou van Eric se broer Dan spottend bestempel is as hulle ,,pot-jagter en beskermengel.'' Frikkie het agter Dan se rug net sy kop vir Leon geskud as teken dat dit nutteloos is om met sulke mense te argumenteer. Behalwe Frikkie was Eric se vrou Kate die enigste lid van die geselskap wat skynbaar ag op Leon se woorde geslaan het, maar haar man het haar skoon oordonder toe sy vir Leon begin kant kies.

,,Kate, moenie verspot raak nie,'' het hy haar laggend, maar bra vies toegesnou.

,,Kate raak oud,'' het haar jonger suster, Maureen, met 'n skril stemmetjie bygelas terwyl sy met behulp van 'n sakspieëltjie haar lippe eenkant gestaan en rooi maak het.

Die ander twee jong mans, Ken Brown en Archie King het hulle nie veel aan die gesprek gesteur nie.

,,Botes, wat het jou besiel om met hierdie klomp losbolle hier in te foeter?'' het Leon die jagter gevra toe die geselskap soos uitgelate skoolkinders op die voertuie begin klouter en Sonet en sy seun Bennie die lawaaimakers eintlik oopmond staan en aangaap het.

,,Geldnood,'' was sy pront antwoord. ,,My tabakoes was 'n misoes en dus. . .'' en Frikkie het sy skouers veelseggend opgehaal.

,,Waarna kyk Pappie?'' Klein Bennie Fouché, pyl-en-bogie in die hand en uitgedos in 'n tiervel, verskyn uit die tent hier agter en kom ewe ernstig langs sy pa staan en kyk ook in dieselfde rigting.

Leon glimlag en sit sy hand om sy seun se skouers. ,,Bennie as jy ooit eendag die oerwoud in so 'n gees besoek, skaam ek my morsdood,'' sê Leon ernstig. ,,Daardie mense soek moeilikheid en hulle gaan dit kry ook, glo my.''

,,Toemaar,'' en Sonet kom uitgestap met 'n glas koeldrank in haar hand, ,,los daardie klomp ape, jong. Hier is 'n koeldrankie vir jou. Die son steek al kwaai. Ek is eintlik bly ons heerlike vakansie is om, want as hier nog meer sulke mense opdaag, vlug ek sowaar terug na die beskawing met groot spoed. Daar verwag 'n mens sulke manewales.''

,,Dankie,'' en hy proe-proe aan die drankie.

,,Pappie moet ons môre al teruggaan huis toe?'' Bennie se stem is skielik half benoud. ,,Nalolo is 'n lekker kampplek,'' voeg hy by en mik-mik met sy pyl en boog na 'n bosfisant wat skielik daar voor tussen die bossies uitgestap kom.

Net toe die fisant vassteek, fluit Bennie se pyl en daar lê die fisant.

,,Skote!'' prys Leon hom toe hy ligvoet weghardloop om die fisant te gaan optel en sy eie wildbraadjie gaar te maak.

,,Ja, môre moet ons omdraai,'' sê Sonet. ,,Ek gaan vanmiddag al die vragmotor begin laai, Leon.''

Hy antwoord nie en sy kyk hom fronsend aan. ,,Wat skeel?'' wil sy weet.

,,Hè?. . . O, ek dink maar sommer, vroutjie. Daardie plesiersoekers. . .''

,,Vergeet hulle man,'' keer sy vinnig. ,,Soos ek daardie soort ken, sal hulle net ry tot waar hulle drankvoorraad gedaan raak en dan omdraai en...''

,,Dan mag dit dalk te laat wees om om te draai,'' sê hy met 'n strak gesig.

,,O, nou sien ek wat gaande is,'' sê sy en glimlag effens. ,,Jy jeuk om agter hulle aan te gaan, nè?''

,,Jeuk is nie die regte woord nie,'' en hy neem 'n slukkie koeldrank. ,,Sê eerder ek ruik onraad, Sonet.''

,,Dit kan so wees, maar jy vergeet dat Bennie moet skool toe gaan en ons sit hier wie weet waar in Zambia, en Transvaal lê ver hiervandaan.''

,,Skool,'' brom Bennie diep uit sy keel hier eenkant waar hy die fisant begin ontveer. ,,'n Mens kan mos laat kom vir skool. Pappie is reg,'' voeg hy ewe grootman by. ,,Daardie mense gaan hulle verongeluk in die wildernis. As Pappie en ek nou. . .''

,,Bennie!'' Sonet sê niks meer nie, maar Bennie ruik ook skielik onraad toe sy ma se stem so kortaf op sy ore toeslaan en hy skenk ineens al sy





aandag aan die fisant.

,,Ja, ons moet maar oppak,'' sug Leon agterna. ,,Kom ons gaan onder daardie koelteboom sit,'' en hy haak by Sonet in en saam-saam stap die twee na die ou groot boom langs die tent.

,,Die vakansie geniet?'' wil sy weet toe hulle op 'n stomp gaan sit.

,,Natuurlik. In die wildernis geniet ek dit altyd. Daar het nou wel niks opwindends voorgeval nie. . .''

,,Ja, maar as ek jou nie gekeer het nie, was jy lankal verder noordwaarts op soek na daardie Slangaanbidders en dan kon ek en Bennie maar hier sit en sien kom klaar. Terloops, het jy die pap nie bietjie dik aangemaak voor die besoekers nie? Die ou kaptein het wel daardie middag heel dramaties daar by sy statjie vir ons die storie opgedis, maar ek dink hy het, soos die ou nasie maar graag doen, heelwat oordryf, of hoe?''

Leon skud sy kop. ,,As hy oordryf het, het dit my nie juis getref nie. Wat my wel beslis getref het—en daarom meen ek daar steek baie in die verhaal—is die bedekte vrees wat uit die ou se hele wese gestraal het. Nee, ou Massamau is 'n skrikkerige man, Sonet. As ek net die tyd gehad het sou ek daardie kaptein doer by die Kabomporivier besoek het en. . .''

,,Dis baie ver hiervandaan, Leon en. . .''

,,Toemaar,'' paai hy en tik haar speels op die arm, ,,ek sê mos AS ek die tyd gehad het, wat ons nie het nie, tensy daar natuurlik iets gebeur met Eric Mann en sy geselskap en. . .''

,,In vadersnaam man, bedwing tog jou rusteloosheid. Dit lyk my jy wil hê hulle moet in die knyp raak sodat. . .''

,,Hulle gaan in die knyp raak,'' sê hy skielik met soveel klem dat Sonet eintlik skrik.

,,Ek sê vir jou. . . '' maar hy los sy sin toe 'n geweerskoot dof tot hulle deurdring, gevolg deur 'n hele sarsie skote.

,,Die Manns skiet seker teiken na iets,'' merk Sonet op, maar haar stem klink nie baie oortuigend nie.

Leon wat reeds soos 'n staalveer opgeskiet het, sê saaklik: ,,Ek kom nou!'' Hy draf die tent in, skraap sy geweer en bandolier met patrone en sit op 'n stywe drafstap op die spore van die safari af.

Die wêreld is hier nie te ruig nie en hy kan met gemak die motorspore volg. Elke keer as hy 'n leë bottel of 'n halfleë blik ingemaakte vleis langs die pad sien lê, stoot sy humeur 'n entjie hoër op. Hy het met opset sy beproefde pyl en boog by die tent laat bly, want hy kan hom al voorstel watter spottery dit sal afgee as hy by Eric-hulle kom met sulke wapens.

Buitendien is die wêreld nie so toe en dig dat hy nie met gemak oral sy geweer kan gebruik as dit nodig is nie. Maar sy vernaamste rede was dat as hy dalk later verplig word om as die gevreesde Swart Luiperd werklik die oerwoud te moet ingaan, hy nie sy identiteit wil verraai deur nou al sy geliefkoosde wapens te gebruik nie.

Geen kilometer van sy kamp af nie, kry Leon die Mann-safari onder oë. Maar hy het hulle gehoor lank voordat hy hulle gesien het. Die uitgelate gelag van Maureen, Dan se vrou, was duidelik bo alles en almal te hoor.

Leon bly in die pad staan. Sonet was reg, dink hy, hulle het net van skone malligheid teiken geskiet. Nou sit hulle op kampstoeltjies langs die motors en smul aan koffie en beskuit en ander eetgoed.

Hy wil net daar en dan omdraai toe hy 'n ander lawaai van die rivier se kant af hoor.

Hy wip dadelik uit die pad uit en sluip onder die dekking van die naaste bome en struikgewasse nader na die safari toe—nou die ene spanning. Die lawaai wat hy hoor, is dié van 'n klomp naderende inboorlinge en hulle is besig om 'n oorlogslied te sing terwyl hulle met stampende voetval vinnig naderkom.

Met 'n swaar frons voor sy kop bly hy kort duskant die vragmotor agter 'n boom staan, verskuil deur 'n bos wilde turksvye. Sover sy kennis strek, is ou Massamau se kraal die enigste een in die hele buurt, maar waarom sou die ou sy volk dan op die oorlogspad gestuur het?

,,Eric, wat gaan nou aan?'' hoor hy dié se vrou, Kate, benoud vra.

,,Die wildes gaan ons aanval.'' Maureen se stem is nou eers skerp, maar beslis onvas.

,,Botes, wat nou?'' wil Eric van die jagter weet.

,,Ek het julle gewaarsku, maar julle wou nie luister nie,'' kom die antwoord. ,,Bly almal hier op die grond agter die vragmotor. Laat ons eers hoor wat hulle wil hê,'' sê hy ferm. ,,Ek sal hulle te woord staan.''

Leon, wat intussen rivier se kant toe loer, merk dat daar sowat veertig gewapende inboorlinge deur die drif aankom, met ou Massamau op die voorpunt.

Leon kyk oorkant na 'n kaalgebrande stuk veld waar 'n aantal beeste verskrik rivier se kant toe staar en verbouereerd saambondel. Wat hom egter dadelik tref, is die groot wit bees wat net links van die trop roerloos op die veld lê.

Ineens besef hy wat gebeur het en hy kners hoorbaar op sy tande. Die Manns het ou Massamau se wit bul doodgeskiet. Dit was die teiken waarna





hulle gekorrel het. Geen wonder dat Botes hulle gewaarsku het nie. Die kaptein het Leon met sy laaste besoek juis vertel in watter agting sy wit bul gehou word. Soos met alles is daar ook allerlei magiese eienskappe aan die bul toegeskryf omrede sy sonderlinge kleur. Die vernaamste waarvan was dat solank die bul leef, die stammetjie voorspoed sal geniet, maar die dag wanneer die bul sterf sonder om wit afstammelinge na te laat, sal onheil die stam tref en sal hulle moet wegtrek, want die grond sal vir goed onvrugbaar bly. ,,En as iemand die bul sou dood,'' het ou Massamau nog bygevoeg, ,,sal hy vervloek wees tot in lengte van dae.'' Geen wonder dat die stam nou voel na moordpleeg nie, dink Leon.

Leon bly verskuil agter die bos staan. Soos hy die inboorlinge ken, sal ou Massamau eers 'n roerende toespraak hou en algaande sy manne ophits. Intussen wil hy, wat Leon is, eers aanskou hoe die ,,pretmakers'' krimp van vrees voordat hy tussenbeide tree. As hulle nou 'n les geleer word, wie weet, kan hulle tog besluit om om te draai.

Frikkie Botes het waarskynlik ook gedink die inboorlinge se houding is meer lawaai as wol, want hy spring op die vragmotor se bak sonder sy geweer om hul aanvoerder toe te spreek.

Maar dis toe Massamau en sy impi die voertuie hiervoor hulle gewaar en die witman bo-op sien staan, dat die ou kaptein soos 'n leeu brul: ,,Daar's hulle! Maak dood, my kinders! Maak dood! Die Wit Bul moet gewreek word. Die Bul roep om bloed!''

'n Sarsie assegaaie trek byna bankvas deur die lug, terwyl Frikkie van die motor afspring en skreeu: ,,Skiet en skiet om dood te skiet!''

Nou aarsel Leon geen oomblik nie. Hy besef dat as die twee groepe eers behoorlik mekaar te lyf gaan, dit vanmôre hier 'n bloedbad gaan afgee.

Onbevrees spring hy agter die bos uit, storm op die vragmotor af en bulder woes: ,,Staak julle skietery! Massamau, roep jou dapperes terug. Botes gelas jou mense om nie te skiet nie,'' skreeu hy in Bantoetaal terwyl hy reg op die kaptein en sy woeste, mompelende krygers af stap, wat toe hulle hom herken, op bevel van Massamau, 'n oomblik vassteek.

,,Witman,'' sê ou Massamau, ,,gee hier pad. Daar is vrede tussen jou en my. Hierdie saak gaan net my en hierdie vreemde witvelle aan. Hulle het die Wit Bul van my stam doodgeskiet en ook een van die wagters gewond. Hulle moet sterf.''

,,Hulle moet sterf,'' kom dit in 'n koor van die krygers.

,,Massamau, help dit om die vuur dood te gooi as die hut klaar verbrand het?'' vra Leon.

,,Ja, want die vuur mag nog meer verteer,'' kom die antwoord.

,,Daarvoor sal ek sorg,'' roep Leon uit en vervolg vinnig: ,,Die stokke wat vuur spoeg, sal talle van jou krygers dood en dié wat nie gedood word nie, sal die Groot Wit Koning kom haal en in sy groot kraal laat doodmaak, want julle mag nie die onderdane van die Groot Kaptein doodmaak nie. Kom,'' paai hy, ,,as die bloed warm is, werk die kop nie reg nie en as geweld praat, swyg die verstand. Jy is 'n wyse kaptein, Massamau, want ek het jou gesien en gehoor daar by jou eie vuur en tussen jou eie mense. Luister na my.''

,,Hierdie witman moet padgee,'' roep een kryger uit en swaai met sy assegaai. ,,Ons. . .''

,,Hoekom raas die kinders as die vader praat?'' vra Leon vir die kaptein.

Massamau snou die assegaaidraer toe om stil te bly, kyk na Leon en sê: ,,Jy praat waar witman, maar die Wit Bul is dood. My kinders is vervloek en. . .''

,,Massamau, het jy al gehoor van die Swart Luiperd?'' keer Leon hom.

Toe hulle die naam hoor, kreun die impi van voor tot agter en ou Massamau slaan sy oë wild bosse se kant toe.

,,Ek kan sien julle het,'' sê Leon terwyl Maureen vir Kate fluister: ,,Dit lyk my waaragtig daar bestaan so 'n ding.''

,,Ja, ons het. Hy is magtig maar hy is regverdig en hy is goed so vertel almal wat hom al in die woude gesien het.''

,,Nou ja, hy is magtiger as die Wit Bul van jou stam. Hy is in die oerwoud, nie baie ver hiervandaan nie. Hy is my vriend en ek sal hom soek totdat ek hom kry en hom na jou toe stuur. Dan kan hy die bose geeste besweer en jou stam sal leef en jou grond sal nog vrugbaarder wees as voorheen. Gaan nou terug. Ek sal met hierdie witvelle afreken en as hulle nie luister nie, sal ek die Swart Luiperd, die Gees met Sewe Lewens, hy wat soos 'n voël in die nag vlieg, stuur om hulle te straf. Ek het gepraat!''

,,Massamau het gehoor. Kom dapperes.''

Toe hy omdraai is die res, danksy die towerwoord Swart Luiperd, maar te haastig om hul kaptein se voorbeeld te volg. Leon dank die gode dat hy tydens sy voorlaaste gesprek met ou Massamau, wat 'n ware ou filosoof is, die Swart Luiperd opgehaal het tydens een van hul diskoerse oor geeste, veral die kwaai Woudgeeste, en laat deurskemer het dat hy wat Leon is baie bewyse van die mag en krag van die Swart Luiperd, ,,die enigste Goeie Woudgees'' beleef het.

,,Man hoe het jy dit reggekry?'' roep Eric Mann uit terwyl die res om





hom saamdrom, opgewonde soos skoolkinders.

Leon steur hom nie aan hul gekekkel nie,maar vra kwaai:

,,Wie het daardie bul geskiet?''

,,Feitlik almal van ons behalwe Botes,'' sê Eric en pluk aan sy weglêsnor. ,,Die idee was egter Maureen, Dan se vrou s'n.''

,,Ek het nooit kon dink. . .'' begin sy, en vee haar hande wat nat van die sweet is, teen haar kort kakiebroekie af, maar Leon sê vir Dan: ,,Mnr. Mann, as sy my vrou was, sou ek haar nou hier 'n afgedankste loesing gegee het. Sy was die oorsaak dat julle amper uitgemoor is.'

Dan Mann, 'n gesette gespierde kêrel wat nie min van sy liggaamskrag dink nie sê ewe bars: ,,Kyk Fouché, dankie vir jou hulp. As dit nie daarvoor was nie sou ek jou gevra het om jou woorde terug te trek maar julle Boere, verstaan ek is mense. . .''

,,Skaam jou,'' roep Kate uit, maar Leon glimlag amper soos 'n engel toe hy vinnig sê: ,,Voltooi jou sin, mnr. Mann.''

,,Julle Boere verstaan ek is mense wat nie veel respek vir 'n vrou het nie. Reg?'' vra hy uitdagend.

,,Daardie woorde gaan jy terugtrek en onmiddellik ook.'' Leon glimlag nog maar sy blou oë is yskoud.

,,En as ek weier?'' Dan Mann druk sy breë bors uit.

,,Dan gaan ek jou hier 'n pak slae gee soos jy nog nooit gehad het nie.''

Spanning laai nou opnuut onder die groep op, terwyl Archie King sowel as Ken Brown byna tegelyk vir Leon sê: ,,Meneer, hy is 'n opgeleide bokser. Gee liewer pad.''

Dan kom grynsend voor Leon staan. ,,Ek weier om terug te trek,'' sê hy smalend.

,,Goed.'' Leon sit sy geweer neer, haal sy bandolier om sy lyf af en sê vir Dan: ,,Keer, want ek gaan jou nou die beloofde loesing gee en daarna sal jy moet terugtrek.''

,,Vat so!'' Dan Mann blits met 'n geweldige regterhaakhou na Leon se ken, maar Leon het skynbaar sonder om te roer die hou voor sy neus verby laat vlieg en tegelyk Dan met 'n reguitlinker onder die ken getref wat die man op sy rug oor die grond laat seil.

Dan vlieg op en loop die wagtende Leon nou met mening storm. Weer is die hou mis en weer laat 'n swaaihou van Leon die teenstander grond toe steier.

Dan spring half duiselig van die geweldige slag orent, hierdie keer versigtig genoeg om nie sommer te storm nie.

,,Mann,'' sê Leon asof hy oor 'n koppie koffie gesels, ,,ek waarsku jou. Nou gaan ek slaan en ek gaan jou uit slaan. As jy. . .'' maar Dan spring met albei vuiste blitsig onder Leon in.

Enkele oomblikke sien die omstanders net vuiste val en hoor hulle houe dreun en toe, skielik, tref Leon, met die volle gewig van sy gespierde liggaam agter die hou, vir Dan teen die oor.

Dan Mann trek in 'n sierlike boog oor die grond om met 'n harde plof langs die vragmotor neer te slaan waar hy roerloos bly lê—so uit soos 'n kers.

,,Lawe hom. Ek wil gesels,'' sê Leon, wend hom tot Eric Mann en sê: ,,Ek waarsku julle andermaal: draai net hier om.''

,,Jy is 'n boelie,'' skreeu Maureen skielik hier voor Leon. ,,As ek 'n man as. . .'' Verder kom sy nie. Leon vang haar om haar middel, keer haar soos 'n sakkie lemoene om en terwyl sy skreeu dat hoor en sien vergaan, looi hy haar met die plathand op haar kort broekie totdat sy letterlik aan die brand voel.

,,So, gaan huil nou daar eenkant,'' en hy sit haar neer.

,,Sy verdien dit,'' sê haar suster Kate. ,,Eric, ek dink ook ons moet omdraai, my man.''

,,Beslis nie,'' sê hy koppig.

Dan, wat intussen deur die ander twee vriende gelaaf is, kom by en sukkel orent. Dit voel vir hom asof 'n muil hom teen die kop geskop het.

,,Wel?'' Leon kom voor hom staan.

,,Fouché, daar's my hand,'' sê hy grootmoedig en kyk deur een dikgeswelde blou oog na hom. ,,Ek trek my woorde terug. Kom steek 'n dop,'' voeg hy by.

,,Hy het Maureen ook 'n pak gegee,'' sê Eric eenkant met 'n grynsie.

,,Jy het my moontlik die moeite gespaar,'' lag Dan.

Leon wou net iets sê toe 'n luide handgeklap daar van oorkant die drif tot hulle kom. Almal kyk soontoe en daar staan Massamau en sy vegters en spring en gaan tekere. Hulle het blykbaar die geveg ten seerste geniet.

Leon tel sy geweer op, gespe die bandolier om sy lyf en sê: ,,Wel, dankie vir die oefening, Dan. Dankie vir die dop, maar ek drink nooit in die oerwoud nie, net in die beskawing. Tot siens.''

,,Net 'n oomblik,'' keer Eric. ,,Sê my Fouché, bestaan die Swart Luiperd werklik soos jy so pas beduie het? En wie is hy eintlik?''

,,Wie hy is, weet ek nie, maar dat hy bestaan, is so seker as wat julle hier voor my staan. Wie weet, dalk loop julle hom nog eendag raak as dinge





verkeerd loop,'' en met 'n waai van sy hand draai hy om en stap weg.

,,Waaragtig 'n man na my hart,'' sê Dan. ,,Kragtig, die man slaan met 'n vuis soos ek nooit gedink het 'n man kan slaan nie, mense. Waar's die bottel?'' en hy strompel motor toe.

,,Ek wens hy was saam met ons,'' sê Frikkie Botes. ,,Ek dink hy sal man alleen 'n hele leër kan uitdelg,'' en hy vryf aan sy ken kompleet asof hy ook een van daardie woeste vuishoue gekry het.

Dit was net skemer en Massamau se vegters het om 'n tamaai vuur gesit en gesels oor alles wat hulle die dag beleef het toe een van hulle opkyk, vas teen 'n swart gedaante op twee bene met 'n swart luiperdkop waar 'n menskop behoort te wees.

,,Auk!'' is al wat hy kon uitkry, toe slaan hy reg agteroor langs die vuur.

,,Ek groet julle, kinders van Massamau,'' kom 'n diep swaar stem agter die luiperdmasker uit.

,,Ons groet jou, magtige Gees van die Woude, Arend van die Nag,'' en soos een man val almal plat op hul gesigte.

,,Staan op en gaan roep Massamau,'' gelas die Swart Luiperd en hy bly 'n ent weg van die vure af staan.

Verskeie vlieg soos besetenes op om te gehoorsaam en kort daarop kom die ou kaptein aangestap.

Toe hy die Swart Luiperd sien, val hy op sy knieë neer, maar die Luiperdman sê: ,,Staan op, dappere Massamau, en kom sit by jou dapperes om die vuur.''

Toe hulle gehoorsaam, vervolg hy: ,,die witman het my gekry soos hy beloof het en hier is ek. Ek weet wat gebeur het. Moenie bevrees wees nie. Ek neem julle onder my beskerming. Daardie witvelle wat die Wit Bul geskiet het, sal ek mee gaan afreken, vannag nog,'' en die stem is so dreigend, swaar en donderend dat die swartes om die vuur ineenkrimp van vrees. ,,Ek gaan nou deur jul lande stap op die spoor van die Wit Bul om die grond ryk te maak. Ek groet julle.''

Toe Massamau en van sy dapperstes hul oë oopmaak en opkyk, is daar geen teken van die besoeker nie.

,,Daar,'' fluister een en wys met bewende hand kop se kant toe waar 'n indrukwekkende swart figuur statig teen die bultjie uitstap. Bo-op die koppie gaan hy staan, kyk om en waai met sy een hand vir hulle. Toe verdwyn hy oor die kop.

'n Uur later klim Leon uit sy mondering by sy eie kampie.